# Waterkruik

JAARGANG 62 NO 46 23 November 2025

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 23 November**
**Oggend: Wyke 24 & 26**

*Oudle:* Hennie du Plessis
Theuns van Wyk

*Diakens:* Herman van Heerden
Herman Bonnet
Hanno Steenkamp
Christiaan Oosthuizen

***Aand:*** **Wyke 27 & 28**
*Oudle.:* Jaco du Plessis
De Wet Boshoff
*Diakens:* Hennie Coetzee
Riaan Reinecke

## ORRELIS

Ansie Wichmann is met verlof. Ons heet Engelette Kruger, wat ons vanoggend op die orrel begelei, hartlik welkom.



## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 11 & 12 nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens. Dankie aan *Emsy Venter en Elje Oosthuizen* wat vanoggend aan die stuur staan.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Vandag:**

**Na die aanddiens:**
**Bybelstudie** vir die jeug (18 – 30)

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting"*

*Psalm 71:3*

*Sondag 23 November*
René Janse van Rensburg 072 262 5050
Jano Smith 074 646 1123
Jolani van Heerden 071 441 1637

*Dinsdag 25 November*
Kaylin Keyser (10) 083 450 1975
Anika le Roux 082 901 6167

*Woensdag 26 November*
Carene v d Merwe 082 773 7829

*Donderdag 27 November*
Julius du Preez 076 322 8701
Edward Engelbrecht 084 205 8938

*Saterdag 29 November*
Eleonora du Plessis 072 199 3070
Gerhard du Preez 073 733 3337
Jannie Erasmus 082 437 7188

## ATTESTATE

Wynand 't Hart het met attes vertrek na Pretoria- Meintjeskop.

*Ons wens jou alles van die beste toe.*



*" Ek hou vas aan u troue liefde,*
*oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.*
*Ek wil sing tot eer van die Here,*
*omdat Hy aan my goed gedoen het."*
*Psalm 13:6*

## MEELEWING

Met hartseer maak ons bekend dat br. *Tap du Plessis* verlede Sondag oorlede is. Ons bid *Rita* 084 953 2884 en hulle dogters, *Eleonora* 072 199 3070 met haar seuns, Hanno en Tjaart en Liza met haar dogter, die vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd. Mag God julle elke dag vashou in sy liefdevolle genade. Die begrafnis is Maandag 24 November om 11:00 in die Gereformeerde Kerk Bergsig.

Ons is saam met *Frans* 083 304 0357 en *Linda Schutte* dankbaar dat die rugoperasie wat Frans ondergaan het goed afgeloop het. Ons bid jou volkome beterskap toe

Hartlik geluk aan *Pieter Zwemstra* 084 676 0617 wat verlede naweek verloof geraak het aan Stephanie du Plessis. Ons bid julle die Here se ryke seën toe op hierdie verbintenis. Mag julle 'n gelukkige verlowingstyd tegemoet gaan

Sr. *Beulah de Klerk*, 082 373 4379, 'n nuwe lidmate van ons gemeente, se suster is die afgelope week oorlede. Ons innige meegevoel. Ons bid u die Here se vertroosting toe in hierdie hartseer tyd.

## ROEPING VAN KERKRAADSLEDE

Die volgende broeders is op die Kerkraadsvergadering van 6 November geroep om in die amp te dien.

***As ouderlinge:*** Brs. Herman Hamersma, Chris Swanepoel, Max Lange, Leendert Snyman, Theo Kumm en Japie Landsberg.

**As diaken**: Jaco Minnaar

*U voorbidding vir die oorweging van die roeping word gevra.*

## BEROEPENUUS

*Beroepe aanvaar*

* Ds JA (Jaco) Linde van GK Witrivier na GK Bellville-Oos as medeleraar
* Ds SJL (Lohan) Linde van GK Pretoria-Wonderboom-Suid na GK Kameeldrift

## KATEGETE EN HULPKATEGETE

Ons wil graag vra dat enigiemand wat bereid is om kategeet of aflos-hulpkategeet te wees, vir Tommie Venter 083 653 4339 of Jan-Louis Lee 071 640 6013 te kontak.

## SKOOLTASSIE PROJEK

📚✨ #Skooltassie Projek – Gee 'n Bybel, Gee Hoop! ✨📚

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor elkeen wat betrokke was by hierdie projek. Julle ondersteuning maak 'n werklike verskil – elke Bybel is 'n saad van hoop wat in 'n jong hart geplant word. ❤️
💰 Donasies kan steeds gemaak word: 'n Bydrae van R110 (of veelvoude daarvan) kan gemaak word deur 'n inbetaling in die kerkkas met die verwysing "Tassies-Bybel".

Kom ons bly saam dra aan 'n toekoms vol hoop en geloof. 🌟

**PROJEK EINDIG WOENSDAG**



## KALENDER VIR DIE RES VAN DIE JAAR

25 Desember – Kersdiens - Alkantrant

## KERKKALENDER 2026

Die kalender vir 2026 is by die deure beskikbaar

## KERK- ALMANAKKE

Die Kerk- Almanak vir 2026 is in die konsistorie beskikbaar. Die Almanakke kos R135 maar word gratis deur die kerkraad aan die gemeente beskikbaar gestel. ‘n Donasie sal waardeer word om koste te help dek. Daar staan ‘n geldkassie langs die Almanakke of u kan per EFT ‘n donasie maak met verwysing “Almanak”.

## WANNEER JY ONSEKER IS OOR MÔRE

*Psalm 139*

Daar is tye wat môre eenvoudig oorweldigend voel. Jy weet nie hoe jy deur die week gaan kom nie. Jou gedagtes maal: “Wat as ek misluk? Wat as ek nie genoeg geld het nie? Wat as dinge nie uitwerk nie?” Dis die angs van onsekerheid – iets waarmee jong mense vandag daagliks worstel.



shutterstock.com · 2434857163

Maar Psalm 139 bring ’n sagte sekerheid: God is reeds in môre. Hy het jou lewe in sy hand nog voordat jy gebore is. Daar is geen dag, geen toets, geen gesprek of uitdaging wat vir Hom nuut is nie.

*U het my gevorm, my in die skoot van my moeder geweef…*
*al my dae was in u boek opgeskryf voordat een van hulle daar was.*
*Psalm 139:16*

**God se teenwoordigheid in elke dag**
Hierdie Psalm herinner ons dat ons nie ons eie toekoms hoef te beheer nie, want God is reeds daar. Sy kennis van ons is nie net van die verlede nie, maar ook van wat kom. Wanneer ons dus bang is vir wat môre bring, is ons eintlik bang om beheer te verloor. Maar juis daar roep God ons om Hom te vertrou.

Jesus sê in Matteus 6:34: *Moenie julle bekommer oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge bekommer. Elke dag het genoeg van sy eie kwaad.*

Dis ’n uitnodiging om nie in môre te leef nie, maar in vandag. Die Here gee vir ons elke dag net genoeg lig om die volgende stap te sien. Hy belowe nie dat alles maklik sal wees nie, maar dat Hy saam met ons sal wees.

**Die digitale wêreld maak ons meer onseker**
In die tyd van eindelose nuus en sosiale media leef ons maklik in môre. Ons blaai deur stories van ander se sukses, kyk hoe hulle suksesvol is, en ons voel agter. Ons sien wêreldnuus en voel of alles uitmekaar val. Geen wonder ons harte is onrustig nie.

Om met vrede te leef beteken soms om die foon neer te sit, die geraas stil te maak, en net te bid: "Here, help my om vandag getrou te wees." Dit klink eenvoudig, maar dit vra geloof. Geloof om te glo dat God regtig weet wat Hy doen. Dat Hy selfs jou toekoms in sy boek geskryf het. En Hy het!

**Daaglikse genade vir daaglikse geloof**
Die Here gee nie môre se krag vandag nie. Hy gee genoeg genade vir vandag. Wanneer jy vanoggend opstaan en voel jy het nie krag vir wat voorlê nie, onthou: jy hoef nie. Hy sal voorsien.

*My genade is vir jou genoeg, want my krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is. 2 Korintiërs 12:9*

Elke dag se geloof is 'n keuse. Om vandag te vertrou, al weet jy nie hoe môre gaan lyk nie. Om vandag te doen wat reg is, al voel dit klein. Dis genoeg.

Wanneer môre te groot voel, moenie met vrees en onsekerheid vooruit probeer kyk nie. Kyk op na God. Hy is reeds daar! En Hy wag vir jou met genade in sy hand.

*Uit: Kruispad*

## VAKATURE VIR ORRELIS

Die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand nooi persone uit (wat aan die vereistes voldoen) uit om aansoek te doen vir die pos van orrelis wat vanaf 1 Maart 2026 vakant sal wees. 'n Aansoekvorm en inligting oor die posinhoud kan verkry word deur Nienke vd Walt te kontak by admin@gkwaterk.co.za of 012 460 6925. Aansoeke sluit op 5 Februarie 2026.




## SNIPPERS

🌞 **Spesiale Somer-aanbieding by Mirtehof Senior Leefstyl Sentrum!** 🌞
**Geldig vanaf 1 September 2025 tot 30 Maart 2026. Bepalings en Voorwaardes Geld**
Ons stel met trots ons **somer-aanbod** bekend op ons **1-slaapkamer woonstelle**!
🌟 **5% afslag op die huurtarief** van hierdie eenhede vir nuwe inwoners wie se

aansoek suksesvol is.
🌟 **'n Verdere 5% afslag** is beskikbaar vir aansoekers wat hierdie advertensie via hul gemeente ontvang en dit saam met hul aansoek indien, mits die aansoek suksesvol goedgekeur word.
**Let wel:** Alle aansoeke word aan 'n keuringsproses onderwerp, ten einde te verseker dat u plasing suksesvol en in u beste belang geskied.

📞 **Kontak ons vandag nog** om 'n besoek te reël of om meer inligting te ontvang oor die someraanbieding! Alle **Alle-ure Sel & Whatsapp no. 078 379 0481**
**Wees vinnig – eenhede is beperk! Jou pad na 'n warm aftrede begin hier.....**

## *30 Maal Geseënd*




*30 Maal Geseënd* is 'n boek met die 30 artikels oor my kuier as Kerkbladredakteur by gelowiges wat met groot seën op verskeie terreine in Sy Koninkryk 'n bydrae gemaak het: kunstenaars, kultuurleiers, drie rektore van die PUK, lidmate in die handels- en landbouwêreld. Ook die politiek, selfs die ambassadeur van Oekraine. Die eerste gesprek was met André de Ruyter en die laaste een met Carike Keuzenkamp.
Die boekie sal so 180 bladsye hê en is in volkleur, 'n stewige uitgawe en 'n ideale geskenk vir 'n hele klompie kinders, vriende en mense na aan jou.

Die totale drukkoste is geborg, en elke Rand van die R200 per boek gaan net so vir die *Sorg Met Eer* projek vir ons emeriti en hul weduwees.

Baie dankie. Cassie Aucamp (Redakteur *Die Kerkblad* en skrywer)

Jy kan die boekie by Nienke by die kerkkantoor bestel.

## PSALMS 19

## Die openbaring van die Here is volmaak

1Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.
2Die hemel getuig van die mag van God,
die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.
3Die een dag gee die berig deur aan die ander
en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.
4Sonder spraak en sonder woorde,
onhoorbaar is hulle stem.
5Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld
en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde.
Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.
6As hy stralend begin om sy baan te volg,
is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.
7Aan die een kant van die hemel kom hy op
en aan die ander kant gaan hy onder,
en niks ontkom aan sy gloed nie.
8Die woord van die Here is volmaak:
dit gee lewe.
Die onderwysing van die Here is betroubaar:
dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is.
9Die bevele van die Here dui die regte koers aan:
dit bring blydskap.
Die gebod van die Here is helder:
dit gee insig.
10Die eise van die Here vir sy diens is goed:
dit staan altyd vas.
Die bepalings van die Here is reg:
elkeen van hulle is regverdig.
11Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud,
soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.
12U dienaar laat hom daardeur leer.
Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning.
13Wie sien sy eie dwalinge raak?
Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie.
14Weerhou my van opsetlike sondes,
laat hulle nie oor my heers nie.
Dan sal ek onberispelik wees
en vry van hierdie groot sonde.
15Mag wat ek sê en wat ek dink
tog vir U aanneemlik wees,
Here, my Rots en my Verlosser.

# FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Vakant

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**

Snap here to pay
SnapScan